NOVEMBER NUUSBRIEF

Dagsê Jesus vriende

Ek groet julle uit n aspris baie warm, mooie ou Groot Karoo. Ja 2025 lê op sy rug. Dit was n vinnige geseënde jaar met groot uitdagings. Ons Messias is vir my goed.

Dit was n goeie jaar met Kambro, ons het ons Christusfees en jaar afsluiting gehad. Hierdie jaar het ons as geskenke vir ons kids Gebedsbeertjies gegee. Tannie Elize en al die tannies van Mamesbury het vir ons die bidbeertjies gebrei waarvoor ons baie dankbaar is en dit is naby ons harte en baie kosbaar. Dit is nie net sommer n beertjie nie dit is n beertjie wat met baie liefde en gebed gebrei is vir elke ontvanger. Die stigter van die bidbeertjiebeweging is An Roets.

So het ons hier in die Karoo ook dan die gebedsbeertjieprojek begin by skole so ver as Beaufort-Wes en hier in Fraserburg by die skole, gemeenskap en kerke. So versprei ons die evangelie.

Vishoekers ek het julle hulp nodig asb met die projek. Julle kan my kontak e-pos petro.strydom@outlook.com of skakel my Tel 0795823683.

Ek deel graag met julle hoe die bidbeertjies gebrei is deur elke vrou. Elke bidbeertjie het n rugsakkie met n gebedslys in "**Jesus loves me. John 3:16.**" God het tannie Elize geroep om hierdie beertjie te brei vir jou.

**Voete:** Jesus die beertjie se voete laat my bid dat hierdie kind se voete in U voetspore sal trap en dat hy U sal volg deur sy hele lewe. Habakuk 3;19.

**Bene:** Here bewaar asseblief hierdie kind se bene dat hule nooit saam met moeilikheidmakers na slegte en gevaarlike plekke sal loop nie. Deut 6: 14.

**Heupe:** Here wees Uself asseblief die band om hierdie kind se heupe en maak hulle sterk. Lukas 12:3 Job 38: 3.

**Bors:** Wees elke dag baie versigtig wat jy dink en praat en wat jy kies om te doen. Here hou hierdie kind positief vir die lewe. Spreuke 4; 23.

**Hart:** Elke aand voordat jy met jou kop op die beertjies se bors aan die slaap raak lees die boodskap op sy hart **(Jesus love me) en glo dit. Johannes 3:16.**

**Kop:** Here ek smeek U dat U hierdie kind se verstand sal aanraak. Gee asseblief die wil om U Woord te lees. Laat dit vir die kind maklik wees om met U te praat. Spreuke 2:1-6.

**Arms:** Soos ek die armpies brei, onthou ek hoe sterk God se arms is en ek vra; Here maak asseblief U arms oop en vou hierdie kind in U liefde toe. Ps 89: 14.

**Handjies:** Die teddie se handjies wil jou seën met Samuel se seënbede vir Saul. 1 Samuel 10:6. Ek bid dat die Gees van die Here kragtig in jou sal werk. Dat jy n getuie van God sal wees en dat jy sal doen wat jou hand vind om te doen.







KAMBRO


KAMBRO


KAMBRO
KAMBRO
KAMBRO


KAMBRO
KAMBRO
KAMBRO
KAMBRO


09.11.2023





Jesus vriende ek wil so vir elkeen van julle baie dankie sê vir julle ondersteuning, liefde, gebede en voorsiening deur die jaar. Moenie ophou bid vir my nie. Dankie dat julle dit moontlik en makliker maak, ek waardeer julle Vishoekers uit my hart. Julle is die beste.

Sterke en seën vir julle 170 jaar herdenking, mag ons Messias julle bly seën. Julle is almal baie geliefd en bemind. Mag daar nog 170 geseënde jare wees vir NG Vishoek gemeente en julle uit julle sokkies gebless word.

So wens ek dan ook vir elkeen n Geseënde Christusfees toe. Ervaar ons Messias se liefde en nabyheid in hierdie feestyd vir julle. Wees veiig en gebless.

Baie liefde vrede genade en blessing uit die mooie ou Groot Karoo

Petro Strydom

Sendeling Fraserburg

.